

Die rook van tabak as ontspanningsaktiwiteit was 'n algemene gebruik onder die Kaapse slawe. Reeds in die tweede helfte van die sewentiende eeu is daar aanduidings dat die Kompanjie tabak as geskenk of toegif aan die slawe in sy diens gegee het.⁵³¹ Teen die begin van die agtiende eeu was dit 'n algemene gebruik van privateienaars om tabak as rantsoen op 'n gereelde basis aan slawe te verskaf. "The quantity of tobacco consumed here is enormous, for it is the custom to give each slave – male or female – a span of tobacco weekly", aldus Mentzel.⁵³² Elders maak hy ook melding dat 'n Kaapse boer jaarliks ongeveer vyftig tot honderd pond tabak moes aankoop, "for the use of his slaves – male and female – and for the Hottentot labourers." Elke slaaf of Hottentot moes weekliks sy tabakrantsoen ontvang "to get any work out of them [as] [t]his forms their most cherished comfort".⁵³³ Hy is voorts van mening dat "[s]ensible slaves want nothing but food, clothing and tobacco".⁵³⁴ Hiervolgens het slawe tabak op dieselfde vlak as broodnodige lewensmiddele, soos kos en klere beskou. In die tavernes waar die slawe onbesorg gedrink, gedobbel en gedans het, is soms ook dagga gerook. Laasgenoemde is deur die Khoikhoi aan die slawe beskikbaar gestel.⁵³⁵ Nog 'n genotsgewoonte van veral die Oosterse slawe was die kou van betel in die vorm van 'n *sirih*-pruimpie.⁵³⁶ Op wintersaande het plaasslawe hulleself met pyprook en storievertellery rondom 'n vuur vermaak, terwyl somersaande met sang en 'n ramkie en selfs 'n danspassie of twee deurgebring is.⁵³⁷

Vir talle slawe was dans 'n gewilde vorm van vermaak. Terwyl die openbare en private danspartye vir die hoërlui aan die gang was, het die laerklasse hulleself met hulle eie sogenaamde "reënboog danspartye" vermaak. Hierdie danse is deur persone van enige ras, klas en kleur bygewoon.⁵³⁸ Die vroue op dié danse was meesal eersteklas slawe- en vryswartmeisies. Hierdie danspartye was inderdaad stylvolle geleenthede. "Everything during the ball is conducted with due decorum", aldus William Bird.⁵³⁹ Robert Semple was veral beïndruk deur dié smaakvolle danspartye en het die volgende insiggewende beskrywing daarvan gegee:


It is in these dances that the slaves show themselves off to best advantage. The women display much taste and even elegance in their dress, nor are their dances wild, irregular, or unaccompanied with proper music. They are faithful imitators of what they see daily performed among the white inhabitants, and

-
- 531 H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal*, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 176; A.J. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad II*, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 159.
- 532 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description the Cape of Good Hope II*, p. 54.
- 533 *Ibid. I*, pp. 84 - 85.
- 534 *Ibid. III*, p. 109.
- 535 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 86; *Ibid. III*, p. 159; J. Barrow, *An account of travels in Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 18.
- 536 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 131; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian archipelago*, p. 170; G.E. Rumphius, *The Ambonese curiosity cabinet* (red. E.M. Beekman), pp. 461 - 462 n16.
- 537 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 109.
- 538 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 166.
- 539 *Ibid.*, p. 165.



Figuur 38: 'n Lewendige slawedans, soos uitgebeeld deur die bedrewe amateurkoloris en tekenaar, sir Charles Bart D'Oyly, wat die Kaap van April 1832 tot Mei 1833 besoek het. Oorspronklike tekening in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/71.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 28.



Figuur 39: 'n Sondag-uitstappie van slawe met 'n gehuurde wa en perde, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/46.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 108.

display an easiness of motion, and a justness of ear which never fail to surprise and please an European unapprized of this circumstance.⁵⁴⁰

Bird het bevestig dat die slawe- en vryswartmeisies die sosiale manierismes en danspassies van hulle meesteres tydens dié dansparty nagemaak het.⁵⁴¹ Beide Renshaw en Hudson het van slawedanse wat op Sondae plaasgevind het, melding gemaak.⁵⁴² Afgesien van die meer smaakvolle reënboogdanse was daar ook die minder formele en lewendiger danse (**Fig. 38**) waarby die laer slaweklasse en Khoikhoi betrokke was. Buiten die paar danse wat saans in Kaapstad plaasgevind het, het die groot dansgebeurtenis waarheen dié deel van die bevolking hulle op Sondae gehaas het, in die buitewyke van Kaapstad plaasgevind. “[T]he Sunday dance is accompanied by native music of every description. The slave boys from Madagascar and Mozambique bring the stringed instruments of their respective tribes and nation ...”, aldus Bird.⁵⁴³ Soms het slawe ‘n wa gehuur om die Sondagnamiddag in een van die danshuise op die platteland deur te bring.⁵⁴⁴ Plaasslawe het soortgelyke uitstappies na die naaste dorpie met die eienaar se wa onderneem (**Fig. 39**). Stranduitstappies per gehuurde wa was voorts ‘n gewilde ontspanningsaktiwiteit op Sondae.⁵⁴⁵

‘n Meer omstrede, maar tog winsgewende tydverdryf onder slawe was prostitusie. In dié opsig was dit veral die losieslavinne wat, soos reeds vermeld, hulle vrye tyd met veral soldate en matrose op promiskue wyse deurgebring het.⁵⁴⁶

4. Feesdae en -gebruike

Onder ‘n Westers en Christelik georiënteerde bewind is dit voor-die-hand-liggend dat slegs feesdae wat met dié religieus-politieke stelsel verband hou, as amptelike feesdae aan die Kaap uitgesonder is. Min slawe is in die sosiale struktuur van die Christelike kerk opgeneem. Verstoke van die sosio-kulturele element van die Christelike kerk, het hierdie feesdae bra min religieuse of kulturele waarde vir die meeste slawe gehad. Hulle was nie intiem by die viering betrokke nie en ook nie ‘n integrale deel daarvan nie. Vir die Kaapse slaaf was die amptelike Kaapse feesdae hoogstens dae waarop hy die werksjuk tydelik kon afhaal en die dag na eie goeddunke deurbring. Die belangrikste amptelike feesdae aan die Kaap was Paasfees, Kersfees en Nuwejaar. Geen verwysings na feestelike rituele of vieringe op Paasfees of Kersfees waarby slawe betrokke was, kon opgespoor word nie. Teenstra het in 1825 terloops opgemerk dat “goeden vrijdag hier als een der eersten Heiligen feestdagen van het jaar” gevier word,⁵⁴⁷ maar dat Paasfees teen Maandagmiddag om twaalf uur reeds afgeloop was.⁵⁴⁸ Op 1 Januarie

⁵⁴⁰ R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 40.

⁵⁴¹ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 166.

⁵⁴² R. Renshaw, *Voyage to the Cape of Good Hope, Indian Ocean and up the Red Sea with travels into Egypt*, p. 33; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 60.

⁵⁴³ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 166.

⁵⁴⁴ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 60.

⁵⁴⁵ V. de Kock, *Those in bondage*, p. 96.

⁵⁴⁶ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 124 - 125; D. Beeckman, *A voyage to Borneo in 1714*, p. 114.

⁵⁴⁷ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 132 - 133.

⁵⁴⁸ *Loc. cit.*

1811 het Burchell opgemerk dat die Kaapse Nuwejaar “is generally kept by the Dutch as the greatest holiday of the year ...”,⁵⁴⁹ terwyl die slawe in hulle beste klere uitgevat, die dag saam met hulle vriende deurgebring het.⁵⁵⁰ Die Kompanjieslawe het gewoonlik op Nuwejaarsdag elk ‘n geskenk in die vorm van geld, klere en ‘n bykomende porsie tabak ontvang.⁵⁵¹ Op Nuwejaarsdag 1674 is in die Dagregister aangeteken dat “... to encourage its slaves, each was presented with a present of money, as well as a piece of spoilt tobacco, which generosity made these poor menials very cheerful and happy”.⁵⁵² Twee jaar later het die Politieke Raad besluit om die Kompanjieslawe op Nuwejaar “na ouder gewoonte een partheij swarte bedorve toebak [te geven] nevens zodanigen zomma penningen als voormaals gebruijckelijk of voor desen uitgereijkt is”.⁵⁵³ Vir plaasslawe is Nuwejaar weens werksdruk uitgestel tot na die afhandeling van die parstyd. “The new year, ... could now be celebrated, with much drunkeness”, aldus Ross.⁵⁵⁴ Die oesfees was ‘n sekulêre fees wat deur meeste van die boere en hulle slawe op die akkerbouplase gedurende ‘n weeksdag, na die voltooiing van die oes, gevier is. Tydens dié fees is arbeiders en slawe onder meer op wyn getrakteer.⁵⁵⁵ Tydens die feestelikheid is daar soms op vioolmusiek, wat deur ‘n slaaf of Baster-Khoikhoi verskaf is, gedans.⁵⁵⁶

Soos reeds vermeld, het talle slawe aan die Kaap hulle tot die Islam bekeer. Die Kaapse slaaf het hom binne die sosio-religieuse opset van die Kaapse Moslemgemeenskap welkom gevoel waar hy gelykwaardig met almal aktief by die viering van die feesdae en gebruike van die Moslemgemeenskap betrokke kon wees. Hierdie feesdae het ‘n sterk religieuse inslag en word, met enkele wysigings, vandag nog op dieselfde wyse gevier.

Vir die Moslems is die vas tydens die maand *Ramadan* of *poewasa* een van die vyf pilare van hulle geloof.⁵⁵⁷ Hierdie maand van vasting herdenk die maand waarin die openbaring van die Koran aan die profeet Mohammed in aanvang geneem het en behels basies die streng onthouding van alle voedsel en drank vanaf sonsopkoms tot sonsondergang. Alle Moslems, vanaf vyftienjarige ouderdom, behalwe die siekes, oues, reisigers, swanger vrouens, vrouens met babas en kinders voor puberteit, is verplig om aan die vas deel te neem. Oues van dae en siekes kon, in plaas van die vas, ‘n boetedoening van rys, brood of mielies of die geldelike ekwivalent daarvan elke dag aan die armes gee.⁵⁵⁸ Die begin van die vas word aangedui deur die nuwe maan aan die begin van die negende maand van die Moslemkalender. Die daaglikse vas begin ‘n halfuur voor die eerste oproep tot gebed (Soeboeh) en duur tot sonsondergang,

⁵⁴⁹ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 31.

⁵⁵⁰ *Ibid. I*, p. 31.

⁵⁵¹ J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *‘n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 96.

⁵⁵² H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 176 - 177.

⁵⁵³ A.J. Böesecken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 159.

⁵⁵⁴ R. Ross, *Cape of Torments*, p. 27.

⁵⁵⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 15.

⁵⁵⁶ *Loc. cit.*

⁵⁵⁷ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 6; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 41.

⁵⁵⁸ B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 5.

waarna toegewyde Moslems vir die eerste maal kos en water mag inneem.⁵⁵⁹ Tydens *poewasa* is daar elke aand gebedebyeenkoms in die moskee. Bepaalde datums tydens die maand van *Ramadan* is belangrik. Hiervan is die 27ste, die Heilige Nag, waartydens vergifnis van sonde aan die gelowiges geskenk word, die belangrikste. In voorbereiding en afwagting vir die dag word die huise skoongemaak, mooi dekens oor die beddens gegooi en baie kerse opgesteek.⁵⁶⁰ Met die koms van die nuwe maan eindig die vas van *Ramadan* en begin die opsionele vas van *Soenat* wat ses dae duur.⁵⁶¹ Op die dag van die beëindiging van *Ramadan* neem ook die *Fees van Eid-ul-Fitr* of *Labarangfees* in aanvang.⁵⁶² Dit begin gewoonlik ná die oggendgebed op die eerste dag van die maand *Shawal*, die tiende maand van die Moslemkalender en duur drie dae.⁵⁶³ Na die mans die reinigingsritueel of *Wudû*⁵⁶⁴ uitgevoer het, gaan hulle in hulle nuutse klere en met geskenke vir die imams en die armes, na die moskee om die voordrag van hoofstukke van die Koran deur die imams te hoor. 'n Donasie van rys en koring, wat *fitra* genoem word, gaan aan die seremonie van *Labarang*. Bokke word by die moskees geslag en groot potte rys vir die armes gekook. Kinders in hulle nuwe klere besoek hulle bure waar hulle ook geskenke ontvang. Kaapse Moslems verwys soms na dié fees as “Ons Kersfees”.⁵⁶⁵ Die *Mir'raj* word gevier om die Profeet Mohammed se reis in een nag vanaf Mekka na die Paradys en terug te herdenk.⁵⁶⁶ *Roa*, wat op die vyftiende dag van die agste maand *Sha'ban* gevier word, is 'n reinigingsfees.⁵⁶⁷

Labarang Hadji of “Fees van die Offerhande” wat sewentig dae ná die van *Ramadan* plaasvind en gewoonlik drie dae duur, herdenk God of Allah se opdrag aan Abraham om Ismael te offer en hou ook verband met die pelgrims na Mekka.⁵⁶⁸ Hierdie fees wat ook as *Eid-ul-Korban* (Dag van Offer)⁵⁶⁹ bekend is, gaan gepaard met die slag van 'n jaarou bok wat sonder enige gebrek, nie maer, dragtig of – in geval van 'n ram – hitsig mag wees nie. 'n Mantel van gekleurde sy word, nadat die dier gewas is, om hom gehang, terwyl wit linnebande soos 'n tulband (*koefija*) om die horings gevleg word. Die dier word dan na die offerplek gelei, op 'n tafel getel, gerusstelend gestreel terwyl 'n formulier deur die imam voorgedra word. Almal teenwoordig volg met 'n sanggebed vir die dode. Met sy kop weggedraai van die mes, word die dier se keel met een skoon sny afgesny. Dit word gelaat om wit te bloei, waarna die karkas opgesny en die vleis geïnspekteer om daarna aan die armes uitgedeel te word.⁵⁷⁰

⁵⁵⁹ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 9.

⁵⁶⁰ *Loc cit.*

⁵⁶¹ B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 5.

⁵⁶² C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 42.

⁵⁶³ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, pp. 9 - 10; B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 5.

⁵⁶⁴ S.W. le Roux, *Vormgewende invloed op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 167.

⁵⁶⁵ H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 16.

⁵⁶⁶ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, pp. 9 - 10.

⁵⁶⁷ *Loc. cit.*

⁵⁶⁸ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, pp. 8 - 9; B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 6.

⁵⁶⁹ H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 17.

⁵⁷⁰ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, pp. 8 - 9; B. Rood, *Maleierkookkuns*, pp. 6 - 7; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 17.

Tydens *Tamat* word jong kinders se kennis van die Koran teen die einde van hulle primêre Islamitiese opvoeding getoets. Die seuns, geklee in Oosterse tulbande, hout sandale en fyn sy-togas, loop in prosesie van hulle skool na die moskee waar talle Moslems op hulle aankoms wag.⁵⁷¹ Die kinders gaan sit voor in die moskee met hulle gesigte na die imams, terwyl hulle *leijonkers* reg agter hulle sit. Daarna word elke kind individueel getoets deur die voorgeskrewe hoofstukke uit die Koran uit die kop voor te dra. Dit is 'n moeilike toets voor 'n groot gehoor. Daar word van hulle verwag om elke woord, elke frase en elke sin in die suiwerste vorm van Arabies voor te dra en spesiale aandag aan punktuasie en stemmodulasie te gee. Die toets duur gewoonlik drie uur, waarna die fees by die moskee volg waartydens tee en koek sowel as tradisionele geregte, soos breyani met rys en frikkadelle met geelrys-enrosyne genuttig word.⁵⁷²

Bepaalde feesgebruike is eiesoortig aan die Kaapse Moslemgemeenskap en is via die slawe in dié kultuur opgeneem. Die sosio-politieke milieu waarbinne die Kaapse slawe hulle bevind het, het vereis dat geleenthede geskep moes word waartydens slawe byeen kon kom vir die deelname aan "religieuse" aktiwiteite.⁵⁷³ Daarbenewens het slawe afkomstig van nie-Moslemkulture uit Indië, Indonesië en Afrika 'n behoefte gehad aan die identifisering met 'n kultuur wat basies bekende elemente uit hulle lande van herkoms gehad het.⁵⁷⁴ Weens dié behoefte en in 'n poging om heidense slawe tot die Islam te bekeer, is innoverende aktiwiteite waarmee dié slawe kon identifiseer, rondom die *thikr* of *djiekers* (basiese sanggebede tot lof van Allah) van die Islam geskep.⁵⁷⁵ Deur akkulturasie tussen die slawe en sosiale assimilasië is sekere elemente wat strenggesproke nie Islamities is nie, dus in die Kaapse Moslemkultuur opgeneem.⁵⁷⁶ Daarvan is die tipiese en unieke Kaapse Moslemfeeste en gebruike, soos *rampie-sny*, *merang* en *ratiep* of *khalifa* sprekende voorbeelde.⁵⁷⁷

Rampie-sny of die "Fees van die Lemoenblare" op die herdenkingsdag van die profeet Mohammed se verjaarsdag (*Maulūd-an-nabī*) is 'n baie unieke Kaapse Moslemfeesdag.⁵⁷⁸ *Rampie-sny* is in die ware sin van die woord nie deel van die Islamgeloof nie, maar het as 'n kultuurtradisie behoue gebly. Die woord "rampie" hou onder meer verband met "Rampa" wat die naam is van die drie helde, veral Ramachadra, in die Hindoeïetologie, terwyl die Maleise woord *rampai* ook "mengsel" beteken.⁵⁷⁹ Hindoeslawe aan die Kaap het dus heelwaarskynlik deur die assosiasie van *rampie* met die Profeet se verjaarsdag tot die Islam aangetrokke gevoel. Weens die godsdienstige en kulturele behoeftes van slawe is bepaalde elemente van die

⁵⁷¹ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 10; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 25; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 35.

⁵⁷² I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 10; B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 7.

⁵⁷³ A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 63.

⁵⁷⁴ *Loc. cit.*; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 95.

⁵⁷⁵ A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 63.

⁵⁷⁶ A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

⁵⁷⁷ A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, pp. 33 - 34, 94 - 95.

⁵⁷⁸ *Ibid.*, pp. 24 - 25, 34 en 94.

⁵⁷⁹ B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 6.

In die naam van Allah, die Jammerlike, die Genadige

A S H R A K A L

Al Qie-Yaam - Die Opstaan

De Nabee, Bewaarskap is op U
 De Bestiering, Bewaarskap is of U
 De geliefste, Bewaarskap is op U
 Die siegens van Allah is op U

Die volle maan het geskyn op ons.
 (en) Die ligte van die maan en die son
 en die sterre was beskerm.
 Net soos U sein mooi-geit het ons nog
 nooit gesien nie.
 De gesig van plesierigheid.

U is een son, U is een volle man,
 U is lig bo lig,
 U is die iellekser,
 U is die lamp van die bors.

De my geliefste, De Moegammad,
 De bruidegom van die ooste en die weste,
 De gienage wat gehelp is, De gienage wat
 hoog gemaak is,
 De Imaam van die twee Qiblahs.

Wie gesien het U se gesig word plesierig,
 De gienage wat hoog is van ouers.
 U se dam wat is die helder water wat koud is,
 sal wees onse plek wat ons sal na toe kom vir
 water die opstaan dag.

Ons het nie gesien diè wat kamele verlang na
 iemand nie,
 in die aand trewels nie, as net vir U
 En die wolk het waarlik 'n skaade-wie gemaak,
 en die klomp het gebatja salawaat op U.

En die ou kameel het gekom na jou, huil-huil,
 en hy was eerbedig vir U.
 en het gesoek bewaarskap, De my geliefste,
 by U, die bangerige takbok.

Toe hulle vas maak die siekedoewe
 En geroep het die ander vir die trowel
 (na Madiena om te siejaarat die Nabee),
 Toe het ek gesê: "hou stil vir my De gienage wat
 aanweis die pad".

Figuur 40: 'n Vertaalde fragment in Moslemafrikaans van die epiese musikale gedig, die *Ruwayats*, geskryf deur Jaffar ibn Hasan al Barzanji. Dit word tradisioneel tydens *rampie-sny* voorgelees.

Hindoekultuur dus deur akkulturasie in die Kaapse Moslemkultuur opgeneem.⁵⁸⁰ *Rampie-sny* is ‘n kleurvolle fees wat basies die sny van lemoenblare op die profeet Mohammed se verjaarsdag behels en het waarskynlik sy oorsprong in die geloof dat die pasgebore Mohammed met blare en nie met doeke bedek was nie.⁵⁸¹ Dit is ‘n fees waarby mans sowel as vroue betrokke is en die enigste geleentheid waartydens vroue onbeperkte toegang tot die bederimte van die moskee het.⁵⁸² Op die twaalfde dag van *Rabi-ul-aiwal* kom vroue en hulle dogters vanaf twee-uur tot sonsondergang in hulle kleurvolste drag in die bederimte van die moskee bymekaar. Terwyl hulle op matte sit, word lemoenblare op seremoniële wyse met spesiale beenhefmesse – soms met silwer lemme – op hout kapborde, wat met houtsneewerk versier is, opgesny. Tussen die werkery deur ontspan die vroue met koppies baie soet melkerige speserytee en kleurryke soet eetgoed. Elke deelnemer bring haar eie welriekende olie wat alles saam in een bak gegooi word. Al die fyngekerfde blare word op ‘n groot houtraam gegooi, waarna die welriekende roosolie deur die imam se vrou daarvoor gesprinkel en deurgewerk word. Nadat die opgesnyde lemoenblare goed met die olie gemeng is, word dit met ‘n doek toegemaak en gestoom. Na die stoomproses word die doek verwyder en die blare in kleiner hopies verdeel om in klein kleurvolle reuksakkies of *rampies* opgemaak te word.⁵⁸³

Tydens die maak van die *rampies* word daar op gedempte toon gepraat, die *thikrs* of *djiekers* gesamentlik opgesê en wierook gebrand. Die *Ruwayats*, ‘n epiese “musikale” gedig wat die heroïese daade van die Profeet besing, word individueel uit ‘n boek voorgelees. Dié gedig is deur Jaffar ibn Hasan al Barzanji geskryf. Achmat Davids, historikus en taalkenner van die Bo-Kaap, was tot en met sy dood in besit van ‘n kopie van dié gedig wat in 1830 deur ‘n slaaf oorgeskryf is.⁵⁸⁴ Davids het gedeeltes van die gedig in Afrikaans vertaal (Fig. 40). Met sonsondergang, as die *rampie*-makery verby is, begin die feestelikhede met die mans wat eers na die moskee gaan om te bid en na lesings oor die lewe van die Profeet te luister. Hier kry elke man ‘n *rampie* of reuksakkie wat hy in sy baadjie se binnesak bêre. Daarna word koek en tee of soetvliese, sowel as kerrie-buriyani, rys, roti, gesmoorde en gebraaide hoender, frikkadelle met geelrys, rosyne en kaneel, kapokaartappels en slaai by die moskee⁵⁸⁵ bedien. Die *rampies* met geurige lemoenblare word as geskenke aan mekaar oorhandig, terwyl elke persoon ook ‘n *barakat* (voedselgeskenk) van koek en beskuitjies ontvang om huis toe te neem. Die *barakat* is direk van slawe-oorsprong.

Alhoewel die Profeet se verjaarsdag of *Maulūd-an-nabī* of Moullood eintlik op die twaalfde dag van die maand *Rabi-ul-aiwal* is, kan dit enige tyd gevier word.⁵⁸⁶ In dié opsig stem die volgende beskrywing, wat Thunberg op 28 Junie 1772 van die viering van die Javanese

⁵⁸⁰ A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

⁵⁸¹ B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 6.

⁵⁸² A. Davids, “My religion is superior to the law”. The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 63.

⁵⁸³ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 8; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, pp. 24 - 25; B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 6.

⁵⁸⁴ A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

⁵⁸⁵ B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 6.

⁵⁸⁶ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 8; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 50.

Nuwejaar aan die Kaap gegee het, ooreen met die wyse waarop die Kaapse Moslems tot vandag nog die Profeet se verjaarsdag vier:⁵⁸⁷

On the 28th of June (1772), the Javanese here celebrated their new year. For this purpose they had decorated an apartment in a house with carpets, that covered the ceiling, walls, and floor. At some distance from the farthest wall an altar was raised, from the middle of which a pillar rose up to the ceiling, covered with narrow slips of gilt paper and silk alternately; from above, downwards, ran a kind of lace, between the projecting edges. At the base of this pillar were placed bottles with nosegays stuck in them. Before the altar lay a cushion, and on this a large book. The women, who were all standing or sitting near the door, were neatly dressed, and the men wore nightgowns of silk or cotton. Frank-incence was burned. The men sat cross-legged on the floor, dispersed all over the room. Several yellow wax-candles were lighted up. Many of the assembly had fans ... Two priests were distinguished by a small conical cap from the rest, who wore handkerchiefs tied about their heads in the form of a turban. About eight in the evening the service commenced, when they began to sing, loud and soft alternately, sometimes the priest alone, at other times the whole congregation. After this a priest read out of a great book that lay on the cushion before him. ... and imagined it to be the Alcoran they were reading, the Javanese being mostly Mohametans. Between the singing and reading, coffee was served up in cups, and the principal man of the congregation at intervals accompanied their singing on the violin. I understood afterwards that this was a Prince from Java ...⁵⁸⁸

Die *rampies* word vandag steeds, soos deur Thunberg beskryf, uitgestal: "... an altar was raised, from the middle of which a pillar rose up to the ceiling, covered with narrow slips of gift paper and silk alternately."⁵⁸⁹ Selfs die ruikertjies wat saam met die *rampies* uitgedeel word, word tot vandag aan die voet van die pilaar of stapel *rampies* uitgestal.⁵⁹⁰ Die sing-praat van die *djiekers*, die lees van die *Ruwayats*, die aanvang van die gebedediens om agt-uur die aand, sowel as die gebruik om warm drinkgoed, soos tee te bedien, vorm steeds deel van die *rampie-sny* seremonie en dui daarop dat hierdie kenmerkende viering van die Profeet se verjaarsdag deur die Kaapse Moslems, reeds in die tyd toe Thunberg die Kaap besoek het (1772 - 1775), sy beslag aan die Kaap gehad het en as sodanig stewig in die Kaapse slawegeskiedenis geanker is.⁵⁹¹ Die eiesoortigheid van hierdie plaaslike gebruik word verder bevestig deur die feit dat *rampie-sny* in dié tyd beslis nie deel was van die vierings van die *Maulūd-an-nabī* in die Indonesiese Argipel of ander Moslemlande nie.⁵⁹²

⁵⁸⁷ A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

⁵⁸⁸ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 47 - 48.

⁵⁸⁹ *Ibid.*, p. 47.

⁵⁹⁰ A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

⁵⁹¹ *Loc. cit.*

⁵⁹² A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4; J. Crawford, *History of the Indian Archipelago*, pp. 261 - 262.

and has been perhaps most frequently and most powerfully developed by strong religious feelings and devotional excitement.⁶⁰¹

Binne die opset van slawerny het dit aan hulle 'n persoonlike eiewaarde verleen.⁶⁰² Mayson het tereg opgemerk dat talle Kaapse slawe deur *ratiep* tot die Islam bekeer is.⁶⁰³

Wat die familiefeeste betref, het die huweliksfees 'n belangrike plek in die Kaapse Moslemgemeenskap ingeneem. Soos reeds vermeld, is slawe tot 1823 nie toegelaat om wettig te trou nie.⁶⁰⁴ Die Islam het egter in die behoefte voorsien en talle slawe het Moslemhuwelike gesluit wat, alhoewel dit nie deur die owerhede erken is nie, wel binne die Kaapse Moslemgemeenskap erkenning geniet het. Gebruike rondom die hedendaagse Moslemhuwelik sou heelwaarskynlik in 'n meer beskeie vorm ook op die Moslemslawehuwelik van toepassing wees.

Op haar huweliksdag dra die Moslembruid as hoofversiering 'n *medoura* en 'n sluier, terwyl sy haar bruilofgaste in haar eerste trourok ontvang. Sy gaan nie na die moskee nie, maar word deur haar vader verteenwoordig.⁶⁰⁵ Tydens die huweliksfees vertrek sy om haar tweede trourok aan te trek waarna sy weer by die fees aansluit. Die gebruik om 'n derde of selfs 'n vierde trourok tydens die fees te dra, sou heelwaarskynlik nie deur die minder gegoede Kaapse Moslemslawe ten uitvoer gebring kon word nie. Die bruid en bruidegom woon afsonderlike onthale by. Die bruidegom en sy strooijonker bring slegs in die bruid se afwesigheid besoek aan haar onthaal om weer kort voor haar verskyning na sy eie onthaal terug te keer. Tydens die huweliksonthaal word veral tradisionele Hollandse liederes gesing.⁶⁰⁶ Teen die aand word die bruid deur haar skoonouers of ouer vroue wat reeds die pelgrimstog na Mekka voltooi het, na haar nuwe tuiste gebring.⁶⁰⁷

Die *doopmaal* is reeds onder die afdeling oor die slawekind bespreek.

Uit voorafgaande is af te lei dat formele feesdae waarby slawe betrokke kon wees, oorwegend tot die Islam beperk was. Binne die Islam is almal, ongeag herkoms en status, gelykwaardig en het die slawe dieselfde toegang tot deelname aan die feesvieringe as enige ander Moslem gehad. Terwyl hulle deur aktiewe deelname aan feesvieringe tydelik van die slawejuk kon ontsnap, sou slegs die dood vir meeste slawe die finale opheffing van slawerny wees.

5. Dood en begrafnis

⁶⁰¹ J.C. Colquhoun, *An history of magic I*, p. 299.

⁶⁰² A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4; A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 63.

⁶⁰³ J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, p. 20.

⁶⁰⁴ S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 83.

⁶⁰⁵ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 16; B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 7.

⁶⁰⁶ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 41.

⁶⁰⁷ *Ibid.*, p. 16; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 66.

Merang, 'n gebedesamekoms wat op die derde, sewende, veertigste en honderste dag na 'n begrafnis gehou en deur feesvieringe opgevolg word,⁵⁹³ is aangepas om binne die Kaapse slawemilieu 'n toepasliker rol te speel. Die religieuse aspekte van die seremonie stem wel ooreen met die godsdienstige gebruike rondom die viering van *Gadat* deurdat dit voorlesings uit die Koran, resitasies tot lof van Allah, smeking en gebede behels.⁵⁹⁴ Wat die feesvieringe betref, verskil dit egter in die sin dat voedsel in plaas van koek bedien word. Voor die fees word 'n bydrae van een sjieling van elke gemeentelid gevra wat as die "tallie" bekend is.⁵⁹⁵ Hiermee word vis en rys gekoop wat tydens die fees aan alle feesgangers bedien word. Die groot fees met sy *barakat*, wat die neem van voedsel na diegene wat nie die fees kan bywoon nie behels, is volgens Davids 'n direkte gevolg van die teenwoordigheid van slawe in die vroeë Kaapse Moslemgemeenskap.⁵⁹⁶ Dit het aan slawe 'n geldige verskoning gebied om aan 'n godsdienstige aktiwiteit binne 'n gemeenskap deel te neem en so tydelik van hulle gebondenheid te ontsnap. As deel van die feesvieringe het hulle 'n gevoel van verbondenheid ervaar.⁵⁹⁷ Die *barakat* het die Kaapse slawe 'n sosiale en maatskaplike verantwoordelikheid teenoor mekaar geleer. Daarbenewens het die *barakat* tydelik in die voedselbehoefte van die Kaapse Moslemslawe voorsien.⁵⁹⁸ Vandag bestaan die *barakat* wat in 'n servet, papier, selofaan of foelie toegedraai is, uit 'n versameling aantreklike en smaaklike koekies en soetighede.

Khalifa of *ratiep*, wat van Hindoe oorsprong is en strenggesproke nie deel uitmaak van die Islamitiese godsdienstige gebruike nie, het weens die teenwoordigheid van slawe aan die Kaap 'n noue assosiasie met die Kaapse Moslemgeloof gevorm.⁵⁹⁹ *Khalifa* of *ratiep* behels basies die slaan van die liggaam met skerp swaarde en die deurboring van die vlees met skerp penne sonder bloeding, terwyl daar op die ritme van dromme geestelike dreunsange in Arabie uitgevoer word. In wese is *ratiep* 'n sintese tussen Islamitiese geestelike voordrag en animistiese rituele gebruike wat deur die Kaapse Moslems aangewend is om nie-Moslemslawe tot die Islam aan te trek.⁶⁰⁰ Alhoewel dit tans besig is om uit te sterf, was dit in die slawetyd gewild. *Ratiep* het aan slawe 'n persoonlike mag oor hulle eie liggame gegee. Oor die gebrek aan pyn wat tydens die *khalifa* ervaar word, het J.C. Colquhoun die volgende mening gehuldig:

especially in individuals under very violent excitement - appears to overpower the external senses, and the reasoning faculty and as it were create a new world for itself. This constitutional affection ... may be induced by various means,

⁵⁹³ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 19; B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 8.

⁵⁹⁴ A. Davids, *The mosques of Bo-kaap*, p. 95.

⁵⁹⁵ *Loc. cit.*

⁵⁹⁶ *Ibid.*, pp. 33 en 95.

⁵⁹⁷ *Loc. cit.*; A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 63.

⁵⁹⁸ A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, pp. 33 en 95; A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 34.

⁵⁹⁹ A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 33; I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 25.

⁶⁰⁰ A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

and has been perhaps most frequently and most powerfully developed by strong religious feelings and devotional excitement.⁶⁰¹

Binne die opset van slawerny het dit aan hulle 'n persoonlike eiewaarde verleen.⁶⁰² Mayson het tereg opgemerk dat talle Kaapse slawe deur *ratiep* tot die Islam bekeer is.⁶⁰³

Wat die familiefeste betref, het die huweliksfees 'n belangrike plek in die Kaapse Moslemgemeenskap ingeneem. Soos reeds vermeld, is slawe tot 1823 nie toegelaat om wettig te trou nie.⁶⁰⁴ Die Islam het egter in die behoefte voorsien en talle slawe het Moslemhuwelike gesluit wat, alhoewel dit nie deur die owerhede erken is nie, wel binne die Kaapse Moslemgemeenskap erkenning geniet het. Gebruike rondom die hedendaagse Moslemhuwelik sou heelwaarskynlik in 'n meer beskeie vorm ook op die Moslemslawehuwelik van toepassing wees.

Op haar huweliksdag dra die Moslembruid as hoofversiering 'n *medoura* en 'n sluier, terwyl sy haar bruihofgaste in haar eerste trourok ontvang. Sy gaan nie na die moskee nie, maar word deur haar vader verteenwoordig.⁶⁰⁵ Tydens die huweliksfees vertrek sy om haar tweede trourok aan te trek waarna sy weer by die fees aansluit. Die gebruik om 'n derde of selfs 'n vierde trourok tydens die fees te dra, sou heelwaarskynlik nie deur die minder gegoede Kaapse Moslemslawe ten uitvoer gebring kon word nie. Die bruid en bruidegom woon afsonderlike onthale by. Die bruidegom en sy strooijonker bring slegs in die bruid se afwesigheid besoek aan haar onthaal om weer kort voor haar verskyning na sy eie onthaal terug te keer. Tydens die huweliksonthaal word veral tradisionele Hollandse liedere gesing.⁶⁰⁶ Teen die aand word die bruid deur haar skoonouers of ouer vroue wat reeds die pelgrimstog na Mekka voltooi het, na haar nuwe tuiste gebring.⁶⁰⁷

Die *doopmaal* is reeds onder die afdeling oor die slawekind bespreek.

Uit voorafgaande is af te lei dat formele feesdae waarby slawe betrokke kon wees, oorwegend tot die Islam beperk was. Binne die Islam is almal, ongeag herkoms en status, gelykwaardig en het die slawe dieselfde toegang tot deelname aan die feesvieringe as enige ander Moslem gehad. Terwyl hulle deur aktiewe deelname aan feesvieringe tydelik van die slawejuk kon ontsnap, sou slegs die dood vir meeste slawe die finale opheffing van slawerny wees.

5. Dood en begrafnis

⁶⁰¹ J.C. Colquhoun, *An history of magic I*, p. 299.

⁶⁰² A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4; A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 63.


⁶⁰³ J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, p. 20.

⁶⁰⁴ S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 83.

⁶⁰⁵ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 16; B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 7.

⁶⁰⁶ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 41.

⁶⁰⁷ *Ibid.*, p. 16; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 66.



Figuur 41: Die Tana Baru-begraafplaas aan die bo-punt van Langmarkstraat met die graf van imam Abdullah Kadi Abdus Salaam (Tuan Guru) in die voorgrond.

Uit: A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap* (Athlone, 1980), p. 65.

Met die dood van 'n slaaf is die sirkel van sy persoonlike lewe voltooi en word die laaste aspek in die sosiale en kulturele gebruike rondom sy sterfte en teraardebestelling ingelui. Sy laaste rusplek was of die Moslembegraafplaas aan die voet van Leeukop of die algemene slawebegraafplaas “tusschen de Stad en die Vesting na die kant van den Tafelberg”, aldus Kolbe.⁶⁰⁸

Grond vir gebruik as begraafplaas deur die Kaapse Moslems is op 2 Oktober 1805 “aan de ahang van den Leeuwenbil” deur generaal Janssens aan Frans van Bengale toegestaan ⁶⁰⁹ (Fig. 41). In 1806 het Hudson opgemerk dat Frans van Bengale, wat ook “Old Frank” genoem is, 'n stuk grond vir dié doel van die regering ontvang het. Met die hulp van sy werkslui, het hy in sy vrye tyd 'n muur om die begraafplaas gebou om die beeste uit te hou.⁶¹⁰ In 1825 het Teenstra weereens melding van die ommuurde “Javaansch kerkhof”, wat teen die hang aan die voet van Leeukop geleë was, gemaak en opgemerk dat daar 'n verskeidenheid wit grafstene en groen grafte was.⁶¹¹ In die vroeë agtiende eeu het Kolbe van nog 'n begraafplaas vir die ander slawe melding gemaak en opgemerk dat die “geringer Bedienden der gemelde roemruchtige Maatschappy ... nevens de overledene slaven der gemelde Maatschappij en boeren begraven worden ...”⁶¹² Uit die Resolusies van die Politieke Raad is af te lei dat die slawe “rondom” die begraafplaas vir die “geringer bedienden”, soos soldate en matrose begrawe is,⁶¹³ terwyl Mentzel in die 1730's noem dat dié aparte slawebegraafplaas “in the same locality” as die gemelde begraafplaas was.⁶¹⁴ Anders as by die Moslembegraafplaas, was dit nie omhein nie wat tot gevolg gehad het dat vee oor die grafte geloop het en aan “'t gras, dat daar weelderig groeit, zonder eenige hindernis” gewei het.⁶¹⁵ In 1844 het die verwaarloosde toestand van dié begraafplaas Backhouse opgeval.⁶¹⁶

Wat die prosedures met betrekking tot die dood van 'n slaaf betref, moes sodanige sterfte so spoedig moontlik by die fiskaal aangemeld word waarna twee persone uitgestuur is om 'n nadoodse inspeksie op die liggaam van die betrokke slaaf te doen.⁶¹⁷ Geen slaaf mag sonder 'n permit, wat deur die fiskaal of Landdros uitgereik is, begrawe word nie.⁶¹⁸

Die gebruike rondom die dood en begrafnis van Moslemslawe het aansienlik van dié van ander Kaapse slawe verskil en het daarom die oog van sekere inwoners, besoekers en reisigers, soos

⁶⁰⁸ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 233.

⁶⁰⁹ A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 90.

⁶¹⁰ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 59.

⁶¹¹ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 121.

⁶¹² P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 233.

⁶¹³ G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 81 - 83.

⁶¹⁴ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 128.

⁶¹⁵ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 233.

⁶¹⁶ J. Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa*, p. 81.

⁶¹⁷ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 55.

⁶¹⁸ V. de Kock, *Those in bondage*, p. 154.

Semple,⁶¹⁹ Hudson⁶²⁰ en die onbekende skeepsoffisier en outeur van *Gleanings in Africa*⁶²¹ gevang. Almal is dit eens dat Maleierbegrafnisse stemmige ritueelbelaaide geleentheid was. “The burial of a Malay is conducted with respect and decorum”, aldus die outeur van *Gleanings in Africa*.⁶²² Hudson het bevestig dat “[t]he Malays bury their dead in a decent manner”.⁶²³

Net soos dit vandag in die Kaapse Moslemgemeenskap die geval is, was daar aan die vroeë Kaap bepaalde gebruike rondom die afsterwe van ‘n Moslemslaaf. Pas nadat hy gesterf het, is sy oë toegedruk en die onderkaak met ‘n serp opgebind. Daarna is sy lyk na een van sy vriende se huis gebring⁶²⁴ en op ‘n rottang bank of *katil* geplaas, met sy gesig in die rigting van Mekka. Onder die bank is ‘n groot bad geplaas.⁶²⁵ Die liggaam is met skoon linne bedek en die bed en kamer met blomme en geurige kruie bestrooi “and the place perfumed with sweet scented Waters”, aldus Hudson.⁶²⁶ Familie en vriende kon nou die lyk besoek. Daarna het die verpligte seremoniële wasritueel⁶²⁷ of *Abdas* gevolg, waartydens die liggaam gewas en onophoudelik met warm water gemasseer is tot die ledemate so sag en soepel soos die van ‘n lewende persoon is.⁶²⁸ Die liggaam is daarna met seep gewas en die naels skoongemaak. Tydens dié seremonie is water drie maal oor die gesig, bene, arms en kop gegooi. Hierna is dit afgedroog. Tydens die volgende seremonie, die *Ghushl*, is water drie maal langs die regterkant en drie maal langs die linkerkant van die liggaam gegooi. Daarna is die liggaam met kamferwater behandel en versigtig afgedroog, waarna dit met aromatiese olies, bensoïenhars en roosblare geparfumeer is. Watte is in alle liggaamsholtes gedruk en nog ‘n aanwending van bensoïenhars en kamferolies aan die liggaam het gevolg, waarna dit in drie lyksklede toegedraai is. Die liggaam is weer met die gesig in die rigting van Mekka op die *katil* teruggeplaas. In teenwoordigheid van familie, vriende en roubeklaers het die imam nou die vier gepaste godsdienstrituele of *Takbierahs* gelei. Dit het ‘n voordrag uit die Koran, ‘n gebed vir vrede en seën, ‘n gebed vir die ontslapene en ‘n gebed aan Allah om die ontslapene te ontvang, behels. Met ‘n saluut, waartydens die kop na regs en links gedraai is, is die ritueel beëindig.⁶²⁹ Hierna is die toegedraaide lyk op ‘n draagbaar geplaas en ‘n bedekking van bamboesraamwerk of *koerbatang* daaroor geplaas. Twee of drie skoon helderkleurige dekens of klede is dan daaroor gegooi.⁶³⁰ Volgens Hudson is die bamboesbedekkings heel vernuftig gemaak: “A neat cover for the body is made of split Bamboo and tied together with white

⁶¹⁹ R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 41 - 42.

⁶²⁰ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, pp. 55 - 56.

⁶²¹ *Gleanings in Africa*, p. 248.

⁶²² *Loc. cit.*

⁶²³ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 55.

⁶²⁴ *Ibid.*, p. 56.

⁶²⁵ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 18.

⁶²⁶ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 56.

⁶²⁷ A. Davids, “My religion is superior to the law”. The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 65.

⁶²⁸ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 18.

⁶²⁹ *Loc. cit.*

⁶³⁰ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 56; I.D. Plessis, *The Cape Malays*, p. 18; E.G. Aspelung, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, p. 10.

Cotton Yarn in Diamonds some of which are very ingeniously Constructed.”⁶³¹ Voor die begrafnis is hierdie raamwerk by die voordeur van die huis geplaas. Met die draagbaar op die skouers van ‘n paar mans en die roubeklaers agterna, het die optog na die graf begin. Geen vroue het aan die optog deelgeneem of was by die begrafnis teenwoordig nie.⁶³² By die graf is die liggaam deur twee mans en ‘n imam op die regtersy in ‘n opening in een van die wande wat na Mekka wys, geplaas. Dekens of klede is oor die graf gehou en liggies gewaai, terwyl die teraardebestedingsrituele in die graf plaasgevind het.⁶³³ Die liggaam is vir oulaas deur die imam met vloeistof uit ‘n erdewerk- of koperketel besprinkel en die buitenste lyksklede losgemaak waarna ‘n gebed gedoen is. Planke is skuins in die deel van die graf geplaas waar die liggaam is en die opening noukeurig met klei toegesmeer, sodat geen grond daar kon kom nie.⁶³⁴ Daarna is die graf toegegooi. Terwyl die imam in ‘n sittende houding in die rigting van die oorledene se kop kyk, het hy ‘n gebed gedoen wat deur die roubeklaers herhaal is. Daarna het hy ‘n paar gepaste gedeeltes uit die Koran herhaal wat die oorledene se gees ingelig het oor wat hy tydens sy ontmoeting met die twee engele moet sê.⁶³⁵ Al die begrafnisgangers het vir die duur van die begrafnisseremonie op hulle hurke gesit.⁶³⁶ Na die begrafnis het die begrafnisfees of *gajaat* gevolg, waartydens die tradisionele begrafnismaal bedien is. Dit is egter nie in die huis waar die persoon gesterf het, voorberei nie.

Semple het waargeneem dat die naasbestaandes en roubeklaers op die derde, sewende, tiende, veertigste en honderste dag weer by die graf byeengekom het om welriekende water en blomme oor die graf te strooi: “They bid the earth lie lightly on the breast of their former companion, and for the last time mingle their tears together over him.”⁶³⁷ Daarna het hulle na die oorledende se huis of die huis van ‘n vriend teruggekeer waar verskeie gebede gedoen is. Dit is gevolg deur ‘n fees. Hierdie seremonies en vieringe wat meesal op die sewende, veertigste en honderste dag na die begrafnis plaasgevind het, staan as *merang* bekend.⁶³⁸

Wat die dood en begrafnis van die ander nie-Moslemslawe betref, is die gebrek aan seremonie duidelik deur die outeur van *Gleanings in Africa* beskryf: “The Mozambique and Madagascar slaves conduct these matters with indifference, and an entire neglect of all decency and form: they throw the corpse on a bier, and very unconcernedly commit it to the grave.”⁶³⁹ Daarbenewens was daar ‘n onderlinge verskil in die wyse waarop die slawe die hartseer en verlies van ‘n gestorwe geliefde hanteer het. Semple het dié verskil as volg ervaar: “The Malay expresses his grief by sitting beside his dead friend in profound silence, and with downcast and pensive look; but the natives of Malabar and Mozambique break into sudden and violent floods of sorrow, which they often seem to begin and end in concert.”⁶⁴⁰ Volgens Hudson het die emosiebelaaide reaksie van een van sy Mosambiekse slawe op die dood van sy weekoue

⁶³¹ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 56.

⁶³² I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 18.

⁶³³ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 56.

⁶³⁴ *Loc. cit.*; I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 18.

⁶³⁵ I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 18.

⁶³⁶ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 56.

⁶³⁷ R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 42.

⁶³⁸ A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 95.

⁶³⁹ *Gleanings in Africa*, p. 248.

⁶⁴⁰ R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 41.

baba, geen grense geken nie: “He left the House and hid himself among the rocks, beating his breast and making the most piteous Lamentation for the loss of his child.”⁶⁴¹ Hudson het self die klein netjiese kissie wat hy met heide en veldblomme versier het, voorsien.⁶⁴²

Uit voorafgaande beskrywing van die dood en begrafnis van slawe aan die Kaap, blyk dit dat afgestorwe Moslemslawe beslis beter daaraan toe was. Die sterfte, die voorbereiding en uitlê van die liggaam, sowel as die begrafnis, is met groot respek en seremonie hanteer, terwyl die hantering van pyn en verlies waardig was. Selfs ná die begrafnis is die afgestorwe Moslemslaaf op feesdae in herinnering gebring. Daarenteen was die ander slawe geweldig emosioneel tydens die afsterwe van ‘n geliefde, die begrafnis uiters onseremonieël en die rou van korte duur.⁶⁴³ Selfs die Moslembegraafplaas aan die voet van Leeukop was, danksy die Moslems se eie betrokkenheid, ommuur en beter versorg as die verwaarloosde algemene begraafplaas vir die ander slawe.

Huishoudelike en amptelike dissipline

Alle vorme van gedwonge arbeid berus op geweld.⁶⁴⁴ As sodanig was gewelddadige dissipline ‘n integrale deel van die Kaapse gemeenskap wat op almal van toepassing was. Dit het slawe, matrose, soldate, burgers, sowel as die inheemse bevolking ingesluit.⁶⁴⁵ Weens hulle getalloorwig sou slawe ‘n belangrike fokuspunt ten opsigte van dissipline wees.

Vroeg reeds tydens Kompanjiesbeheer is wette uitgevaardig om slawe teen ongenaakbare lyfstraf en enige vorm van barbaarse dissipline te beskerm. So is daar kort na die aankoms van die eerste slawegroepe, deur Van Riebeeck op 19 Junie 1658 aangeteken dat die vryburgers, tydens ‘n rondgaan van die fiskaal en sersant, gemaan is om hulle slawe goed te behandel en hulle te weerhou om dié mense “met gedurich slaen, stoten ende schelden stuggerich te maeck”, terwyl hierdie “gedurighe ende menichmael gedane vermaningen en waerschouwingen” op 6 Augustus 1658 in ‘n plakkaat saamgevat is. Eienaars is hierin weereens verbied om hulle slawe te mishandel, “als binden ende slaende deselve seer onbarmhertighlyk met roede en andere geesels ... sommige van gespouwen rottangen, ende ander’ van touwe met cnopen aen de eijnde gemaect” en hulle slegs “domestiquelijck” te kasty.⁶⁴⁶ Terwyl dit die prerogatief van die owerheid was om ernstige kriminele oortredings te straf, was die eenaar dus self vir die straf van “huishoudelike oortredings” verantwoordelik – soos hy as gesinshoof sy gesin sou tugtig.⁶⁴⁷ Genadelose strawwe na eie goeddunke en giere van eienaars is dus pertinent deur regulasies verbied en “domestiquelijck” straf het basies bloot ‘n ligte dissiplinerig met ‘n rottang behels. Slawe-eienaars was slegs geregtig op paternalistiese dissipline om “huishoudelike oortredings”, soos dronkenskap, nalatigheid,

⁶⁴¹ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 59.

⁶⁴² *Loc. cit.*

⁶⁴³ R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 42.

⁶⁴⁴ R.C.-H. Shell, *Those in bondage*, p. 206.

⁶⁴⁵ *Ibid.*, p. 207.

⁶⁴⁶ K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, pp. 36 - 37.

⁶⁴⁷ J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 173; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 296; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 153.

ongehoorsaamheid, disrespek, parmantigheid, minder ernstige drostery⁶⁴⁸ en huishoudelike diefstal met matige lyfstraf met 'n kleinerige rottang te straf.⁶⁴⁹ Volgens wetlike bepalings het hierdie lyfstraf 39 houe behels wat gewoonlik met 'n sambok toegedien is.⁶⁵⁰ In die 1770's het Thunberg juis opgemerk dat eienaars die reg gehad het om hulle slawe met 'n sambok te dissipleneer, maar dat hulle geen mag oor die lewe van 'n slaaf gehad het nie, aangesien dit aan die owerhede behoort het.⁶⁵¹ Vir groter kriminele oortredings moes die polisie dus ingeroep word waarna die owerhede verder self die straf hanteer het.⁶⁵²

Uit voorafgaande is dit duidelik dat wrede strawwe deur eienaars nie vir die owerhede aanvaarbaar was nie. Die wet het dit verbied en ernstige strawwe is aan voornemende oortreders voorgehou.⁶⁵³ Slawe kon 'n eenaar wat sy mag in dié verband misbruik het by die fiskaal verkla,⁶⁵⁴ alhoewel dié klagtes nie altyd ernstig opgeneem is nie.⁶⁵⁵

Die eenaar kon 'n keuse uitoefen deur die slaaf self te straf of om hom aan die fiskaal te oorhandig, waar minder genaakbare lyfstraf deur die geregsdiens, beter bekend as die *kuffers*, toegedien is. Die *kuffers* wat as assistente van die "geweldigere" (polisie-offisier) gefunksioneer het, was onder beheer van die fiskaal en het in direkte opdrag van hom opgetree. Aangesien lyfstraf maklik as mishandeling vertolk kon word of inderdaad tot mishandeling en gevolglike boete kon lei, het Kaapstadse slawe-eienaars hulle meesal tot die fiskaal gewend om hulle slawe te straf. Reeds in 1685 het van Rheede vasgestel dat dit 'n gebruik onder slawe-eienaars was om die *kuffers* na hulle huise te ontbied om die slawe vas te bind "ende strengelijck met rottinghroeden [te] geselen".⁶⁵⁶ In die 1780's het Le Vaillant onder meer opgemerk: "[a] master seldom punishes his slaves himself; he generally commits them into the hands of the fiscal, who orders such correction as they have merited to be bestowed on Them."⁶⁵⁷ Dit was veral vroulike slawebesitters wat hulle slawe vir straf aan die

⁶⁴⁸ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 154; N. Worden, Violence, crime and slavery on Cape farmsteads in the 18th century, *Kronos* 5, 1982, p. 50.

⁶⁴⁹ G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, pp. 147 - 149; *Ibid.* XXXIII, p. 35; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), p. 259.

⁶⁵⁰ W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 27.

⁶⁵¹ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 34.

⁶⁵² R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 293; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 296.

⁶⁵³ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 208; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, pp. 103 - 104; R. Ross, *Cape of Torments*, p. 2.

⁶⁵⁴ J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 110; K.A.B.: C. 2322, nr. 16: Statuten van India, S - T.

⁶⁵⁵ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 116; J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 103.

⁶⁵⁶ A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, *journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 97; A.J. Böeseken (red.), *Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 217.

⁶⁵⁷ F. le Vaillant, *Travels in to the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 103.

fiskaal oorhandig het,⁶⁵⁸ alhoewel dié opsie ook deur manlike slawe-eienaars uitgeoefen is. In die agtiende eeu het die goeie Kaapstadse slawebesitter, Joachim von Dessin, hom telkens op “den geweldiger Jacob Doeksteen” beroep om toe te sien dat sy slawe vir hulle oortredings gestraf word. Op 8 Junie 1756 het hy dié amptelike strafodiener 5,30 riksdalder betaal vir die “afstraffen, ’t sluiten en ontsluiten” van sy slaaf Isak van Malabar, wat hy sedert 6 Mei vir ‘n maand in die “gijsselkamer ... over zijn dronkenskuijen en gepleegde brutalitijten” laat opsluit het.⁶⁵⁹ Op 16 November van dieselfde jaar het hy Isak weereens vir 28 dae in die tronk laat opsluit “over dronkenschap en brutalitijten” waarna hy ook “ten strengsten gegeeselt” moes word. Sy slaaf Kietjil het op 5 Oktober dieselfde weg van straf bewandel.⁶⁶⁰ Dit was ‘n algemene gebruik om die sogenaamde *kaffers* onder beheer van die fiskaal ‘n redelike bedrag te betaal om ‘n deeglike werk te doen en ‘n goeie afranseling te verseker.⁶⁶¹ In 1813 is die aantal houe wat ‘n slaaf vir huishoudelike oortredings van dié geregsdienaars op versoek van die eienaar mag ontvang, tot 39 beperk,⁶⁶² terwyl dit in 1823 tot 25 houe verminder is.⁶⁶³ In 1825 het ‘n wet bepaal dat slavinne wat huishoudelike oortredings begaan het slegs op die kop en skouers getugtig mag word en geensins erger straf as ‘n burgerkind op skool mag verduur nie.⁶⁶⁴

Slawe wat nie positief op hulle meesters se strawwe gereageer het nie of ‘n ernstige oortreding begaan het,⁶⁶⁵ is sonder uitsondering of verwyl aan die fiskaal of landdros oorhandig om gevonnissen en gestraf te word. In die vroeë agtiende eeu het Kolbe van ‘n hardnekkige slaaf melding gemaak “die door goede en zachte middelen gantsch niet te regeren, nog van zyn ontaardheid af te brengen was”.⁶⁶⁶ As laaste uitweg het sy eienaar hom aan die geregsdienaars van die fiskaal oorhandig wat hom kaal uitgetrek en met ‘n stok deur sy saamgebinde hande en voete vir ‘n onbepaalde tyd op sy een sy laat lê het. Daarna is hy met ‘n “van gespletene Spaansche stokjes zamen gebondende roeden” geeselt tot die bloed “tappelings daaruit liep”.⁶⁶⁷ Mentzel het die toediening van lyfstraf deur die *kaffers* aan slawe-oortreders voorts as volg beskryf: “They are tied naked to the stocks and two ‘kaffirs’ armed with rods (consisting of a bundle of split bamboo-canes), scourge them unmercifully until the blood runs down their backs. Salt water is then rubbed into the wounds.”⁶⁶⁸ In die 1820’s was Teenstra die ooggetuie van ‘n slavin, wat in opdrag van haar eienaar, onder die genadelose lyfstraf van die *kaffers* moes deurloop. Volgens hom het die *kaffers* haar “‘n pak gegee” wat “39 slagen met een bosje van 5 á 6 dunne rottangs of ook met een touw” behels het.⁶⁶⁹ In ‘n afbeelding

⁶⁵⁸ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 109.

⁶⁵⁹ J.L.M. Franken, ‘n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 61.

⁶⁶⁰ *Loc. cit.*

⁶⁶¹ J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 174.

⁶⁶² G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, p. 148.

⁶⁶³ *Ibid. XV*, p. 341.

⁶⁶⁴ G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXVI*, pp. 474 - 475.

⁶⁶⁵ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 293.

⁶⁶⁶ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, pp. 323 - 324.

⁶⁶⁷ *Ibid.*, p. 324.

⁶⁶⁸ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 132.

⁶⁶⁹ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 309.



Figuur 42: Groentemarkplein in Kaapstad (1764), volgens 'n waterverftekening deur die Deensgebore kunstenaar Johannes Rach (1720 - 1783), tydens sy verblyf van twee weke aan die Kaap. Van die waardevolle kultuurhistoriese data wat uit dié illustrasie af te lei is, hou onder meer verband met die arbeidsaktiwiteite en lotgevalle van die Kaapstadse slawe in die tweede helfte van die agtiende eeu. Op die voorgrond links, word 'n slaaf oppad terug van lyfstraf deur 'n sogenaamde "kaffer" of polisie slaaf oor die plein begelei, terwyl groenteverkopers, 'n waterdraerslaaf en sedanstoeldraers in livreidrag sonder skoene ook deel van die toneel uitmaak. Dit is die enigste Africana-kunswerk waarop 'n Kaapse sedanstoel met -draers uitgebeeld word. Die oorspronklike kunswerk met onderskrif *Gezigt van het Stadhuijs aan de Cabo de Goede Hoop naar het leven geteekend door Johannes Rach a. 1764*, is in die Van Stolk-atlas, Rotterdam.

Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad.

Fotoversameling M. 166.

van Groentemarkplein in 1764 deur Johannes Rach word 'n slaaf deur 'n polisie-amptenaar van die fiskaal oppad terug van sy lyfstraf oor die plein gelei (Fig. 42).

Gevangenisstraf was 'n integrale deel van die Kaapse strawwe en was vir menige slaaf wat met sy eienaar of die gereg gebots het, 'n onaangename ervaring. Soos blyk uit die *Briefboek en Memoriaal* van Von Dessin, was die tronk die plek waar slawe "afgestraft" en opgesluit is.⁶⁷⁰ Teenstra het 'n beskrywing van die tronk en die onbenydenswaardige lot van die gevangenes gegee:

... de tronk, of de gevangen- en strafplaats der slaven, aan de noordzijde in de Strandstraat gelegen; ... Verbeeld u, dat men eerst door eenige hokken komt, alwaar deze ongelukkige wezens, sommige geketend en bijna moedernaakt, opgesloten zijn, en, doordien men er velen in één hok vindt, waar de vuile slaven en Hottentotten, dié in hun hoofdhaar een zeker mengsel van vet, olie enz. smeren, een' ondragelijken stank verwekken, terwijl zij als redeloze schepselen op den grond ter nederliggen.⁶⁷¹

'n Ander opsie wat eienaars ten opsigte van weerspannige slawe kon uitoefen, was om hulle vir ses of agt opeenvolgende dae na die trapmeule te stuur.⁶⁷² Hier moes hulle die meule van soggens sewe-uur tot die middag twaalfuur met slegs beperkte rustyd tussen-in trap. Die namiddagskof was van een-uur tot sonsondergang. Volgens Teenstra was hulle hierna so uitgeput dat hulle "geen woord spreken konden, terwyl hunne naakt borst en buik als een smids blaasbalg op- en nedergingen".⁶⁷³ Nog 'n vorm van straf vir weerspannige en onbeheerbare slawe wat nie positief op die lyfstraf van hulle meesters gereageer het nie, was om van die betrokke slaaf teen enige prys op 'n vendusie ontslae te raak.⁶⁷⁴ Alhoewel Kaapstadse slawe in privaatbesit soms ongenaakbare strawwe moes verduur, het die afwesigheid van slaweopsigters, sowel as die direkte wakende oog van die owerhede 'n rol gespeel in die beperktheid van misbruike ten opsigte van huishoudelike strawwe aan slawe. Daarbenewens is slawe deur hulle vrees vir ongenaakbare lyfstraf deur die *kaffers* en vir die tronk in beheer gehou⁶⁷⁵ en was die neiging tot groot oortredings wat fel lyfstraf vereis het, beperk.⁶⁷⁶

Wat die dissipline van die Kompanjieslawe betref, het Mentzel in die agtiende eeu opgemerk dat, "a tight hold must always be kept on the reins".⁶⁷⁷ Deel van hierdie stywe leisels was die gevangenis in die slawelosie, "waar in die genen, die by nacht onrust verwekken, of genee

⁶⁷⁰ J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se *Briefboek en Memoriaal, Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 61.

⁶⁷¹ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 307.

⁶⁷² R. Ross, *Cape of Torments*, p. 2.

⁶⁷³ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 310.

⁶⁷⁴ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 130; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 49.

⁶⁷⁵ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 110.

⁶⁷⁶ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 293.

⁶⁷⁷ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description the Cape of Good Hope II*, p. 129.

orders willen gehoorzamen, opgesloten en bewaart worden”, aldus Kolbe.⁶⁷⁸ Hulle is hier opgesluit gehou tot ‘n vonnis oor hulle weerspanningheid gefel is. Slawe wat tot lyfstraf gevonniss is, is aan die geselpaal in die binnehof van die slawelosie vasgebind en ten aanskoue van alle losieslawe ge gesel.⁶⁷⁹ Voorts moes die alomteenwoordige mandooors toesien dat orde in die losie gehandhaaf word. Volgens ‘n reglementjie vir die losie uit 1716 was hulle veral saans, nadat die deure gesluit is, in beheer van die gebou. Dit het onder meer die nagtelike bewaking van die kombuis behels, terwyl hulle moes toesien dat geen vuur of lig snags in die losie gemaak word nie – behalwe in die kombuis. Hulle is beopdrag om “alle desordres en ongeregeltgheden in den logie voorvallende zooveel moegelyk te beletten”⁶⁸⁰ en om soggens alle onreëlmatighede, soos die opsteek van ‘n lamp, aan die owerhede te rapporteer.⁶⁸¹

Wat die huishoudelike dissipline van plaasslawe in die akkerboustreek en afgeleë binneland betref, is patriargale beheer met ‘n groter klem op geweld toegepas.⁶⁸² Aangesien beide eienaar en slaaf nie direk onder die wakende oog van die Kaapse owerhede was nie, was lyfstraf, wat soms aan mishandeling gegrens het, vir talle boere die mees effektiewe middel om hulle slawe te straf en beheer oor hulle te behou.⁶⁸³ Tydens sy nagverblyf op ‘n plaas in die Paarl-omgewing is Sparrman vroeg die oggend deur die angswekkende gille en uitroepe van twee slawe gewek wat onder die sambok van hulle meester deurgeloop het.⁶⁸⁴ Met die moordverhoor van dertien Bokkeveldse slawe het ‘n slavin van die vermoorde W.N. van der Merwe, op ‘n vraag oor die behandeling van sy “volk”, geantwoord dat, “[a]ls zij het verdienen kregen zij slagen”.⁶⁸⁵ Dit was nie net manlike eienaars wat lyfstraf uitgedeel het nie. Tydens ‘n binnelandse reis het John Campbell op 4 Oktober 1813 by die plaas van ene mevrou Van der Westhuizen aangedoen wat in die teenwoordigheid van haar slawe opgemerk het dat, indien hulle hulle sleg gedra het, sy hulle self “forty stripes save one” gegee het.⁶⁸⁶ Volgens getuienis wat tydens die Swarte Ommegang (1812 - 1813) teen Kwaade Martha Ferreira ingebring is, het sy onder meer haar slavin Manissa daagliks met ‘n sambok geslaan. In haar getuienis het Martha ontken dat sy Manissa “gekasty” het, maar wel erken dat sy haar eenkeer met ‘n rottang vyf houe op die rug toegedien het.⁶⁸⁷

Plaasslawe is in sommige gevalle vir die geringste oortreding ongenadige lyfstraf toegedien, terwyl hulle oor die algemeen aan buitengewoon swaar strawwe blootgestel was.⁶⁸⁸ Beide Barrow en Percival het waargeneem dat die lyfstraf van plaasslawe nie volgens die aantal houe

⁶⁷⁸ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 248.

⁶⁷⁹ *Loc. cit.*

⁶⁸⁰ G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 115 - 116.

⁶⁸¹ K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, p. 65.

⁶⁸² R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 206.

⁶⁸³ V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 156 - 157; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 109.


⁶⁸⁴ A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 99.

⁶⁸⁵ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 328.

⁶⁸⁶ J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 305.

⁶⁸⁷ O.J.O. Ferreira, *Kwaade Martha Ferreira van die Swarte Ommegang, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(4), 1990, p. 234.

⁶⁸⁸ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 109.



Figuur 43: 'n Kaapse slaaf ontvang lyfstraf. Die aantal pype wat tydens die duur van die lyfstraf gerook is, was die maat waarvolgens die erns van 'n oortreding en dienooreenkomstige lyfstraf vir 'n slaaf deur die eienaar bepaal is.

Uit: R.C.-H. Shell, *Children of bondage* (Johannesburg, 1994), frontespies.

wat die slaaf verdien het bepaal is nie, maar deur die tyd wat dit geneem het om 'n pyp te rook (Fig. 43). Vir 'n kleinerige oortreding het die slaaf "een pyp ontvang" wat beteken het dat hy vir die duur van 'n pyprooksessie lyfstraf toegedien is.⁶⁸⁹ Vir ernstiger oortredings "he (the master) has smoked so many pipes of tobacco as he may judge the magnitude of the crime deserves",⁶⁹⁰ aldus Barrow.

Die huishoudelike dissipline van Kaapse slawe kan samevattend as redelik matig en beheersd in stedelike gebied, maar minder genaakbaar op die platteland en binneland, beskryf word. In Kaapstad was beide eienaar en slaaf onder die wakende oog van die owerhede wat vergrype in 'n groot mate beperk het. Vrees vir die ongenaakbare lyfstraf van die *kaffers*, sowel as vir die tronk het Kaapstadse slawe tot groter ordelikheid en gehoorsaamheid genoep. Op die plase was beide slawe en eenaars weg van die direkte toesig van die owerhede en beide het die situasie uitgebuit. 'n Vrees om beheer oor hulle slawe te verloor, het plaaseenaars na geweldadige lyfstraf as beheermaatreël laat gryp.

Wat die amptelike of openbare dissipline van Kaapse slawe betref, is dit duidelik dat slawewetgewing en -wetstoepassing byna alle fasette van die lewe van die Kaapse slaaf geraak het. In die Kaapse regstelsel was beide die Politieke Raad sowel as die Raad van Justisie vir die handhawing van wet en orde verantwoordelik. Met die gesag wat deur die state-generaal aan die Heeren XVII toegeken is, het dié owerheid binne die raamwerk van die Nederlandse Algemene Reg en die Koloniale Wette wat hulle ontstaan in die Romeins-Hollandse Reg het, gefunksioneer.⁶⁹¹ Slawerny aan die Kaap was onderhewig aan wette wat in die *Statute van Indië* van 1642 vervat was, sowel as die gepaardgaande wysigings wat opnuut in die *Nuwe Statute* van 1766 gekodifiseer is.⁶⁹² 'n Handgeskrewe manuskrip van die *Statute van Indië* onder die opskrif *Slaven en Lijfeigenen* is in die Kaapse Argiefbewaarplek te Kaapstad.⁶⁹³ Hierdie wette het nie soseer die slawe beskerm nie, maar was in wese op die beskerming van die slawe-eenaars ingestel. 'n Tweede belangrike vorm van wetgewing was die talle resolusies en plakkate wat op 'n gereelde basis deur die Politieke Raad aan die Kaap uitgevaardig is. Tydens die ampstermyn van goewerneur Rijk Tulbagh (1699 - 1771), is hierdie plakkate byeengebring en as die *Slawewette* heruitgevaardig.⁶⁹⁴ In sommige gevalle het die Kaapse owerhede hulle ook op die Bybel en die Artikelbrief of die Twaalf Artikels van die Kaapse Kerk beroep.⁶⁹⁵ In opdrag van sir John Cradock het fiskaal Denyssen in 1813 'n *Verklaring van die Wette van die Kaapkolonie in verband met slawerny* opgestel.⁶⁹⁶ Hierin is dit duidelik uitgespel dat slawerny aan die Kaap deur die wette van die Koloniale Regering (plakkate), die Statute van Indië sowel as die Romeinse Reg gereguleer is. Slawewetgewing het hoofsaaklik

⁶⁸⁹ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 292 - 293.

⁶⁹⁰ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 145.

⁶⁹¹ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 293; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 114.

⁶⁹² J.A. van der Chijs (red.), *Nederlandsch-Indisch Plakkaatboek, 1602 - 1811, I*, pp. 572 - 576; *Ibid. IX*, pp. 572 - 592.

⁶⁹³ K.A.B.: C. 2322: Statuten van India, S - T.

⁶⁹⁴ J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, pp. 108 - 109; *Ibid.*, p. 105; S. D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III*, pp. 1 - 6.

⁶⁹⁵ J.A. van der Chijs (red.), *Nederlandsch-Indisch Plakkaatboek, 1602 - 1811, I*, pp. 309 - 369.

⁶⁹⁶ G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, pp. 146 - 161.

die volgende kategorieë behels: die status van die slaaf, sy regte en beskerming, verbod op sekere optredes, sowel as die verkoop en vrystelling van 'n slaaf.⁶⁹⁷

Wat die regstatus van die Kaapse slaaf betref, is hy wel as mens erken, maar met dié belangrike verskil dat hy nie vry was nie. Sonder keuse was hy lewenslank die eiendom van sy meester wat hom as 'n besitting na eie goeddunke kon behandel, maar wat wel die slaaf se morele en etiese regte moes erken.⁶⁹⁸ In praktyk het dit egter nie altyd gerealiseer nie. Slawe het byna geen burgerlike regte gehad nie. Hulle mag nie getrou het nie, is beheer oor hulle kinders en eiendom ontsê, terwyl hulle ook wetlik verbied is om 'n regsbindende testament op te stel.⁶⁹⁹ Enkele regte wat hulle wel gehad het, was onder meer fisiese beskerming teen mishandeling deur die eenaar, ongeprovokeerde aanvalle en diefstal van besittings.⁷⁰⁰ Wat geloofsoortuiging betref, het die slaaf slegs 'n mate van erkenning geniet indien hy tot die Christelike geloof behoort het. Die Proklamasie van 1823 het beoog om die basiese regte van slawe te erken en vanaf dié datum kon gedoopte slawe, met die toestemming van hulle meesters, wettige huwelike met mekaar sluit.⁷⁰¹ Hierdie proklamasie het ook die opbreek van slawegesinne deur die aparte verkoop van huweliksmaats en kinders belet.⁷⁰² Alhoewel eenaars hulle slawe wel volgens voorskrifte vir sekere "huishoudelike oortredings" kon straf, was dit die prerogatief van die hof om ernstiger kriminele oortredings te straf of slawe op te sluit.⁷⁰³

Die optrede van die slaaf in die openbaar, weg van die direkte toesig van sy meester, is streng deur die wet beheer. Hierdie wetlike beperkinge, wat veral op die openbare orde en dissipline in Kaapstad gerig was, het op 'n dag-tot-dag basis 'n direkte invloed op die lewe van die Kaapse slaaf uitgeoefen. Slaweboods-kappers, stuurjonge en houthalers was verplig om 'n ondertekende en gedateerde pasbrief van hulle meesters met hulle saam te dra.⁷⁰⁴ Slawe of Hottentotte wat hulleself 'n afstand van hulle tuiste af sonder 'n pasbrief, wat deur die die betrokke eenaar of 'n ander verantwoordelike persoon onderteken is, bevind het, was – net soos wegloper en voortvlugtende slawe – aan inhegtenisname blootgestel.⁷⁰⁵ Veewagterslawe moes 'n loodpenning met hulle meester se naam daarop dra.⁷⁰⁶ Slawe was sedert die vroeë jare reeds onderhewig aan die aandklokreël. In 1660 het 'n plakkaat eenaars gewaarsku om

⁶⁹⁷ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 294.

⁶⁹⁸ *Ibid.*, p. 573.

⁶⁹⁹ G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad VII, 1724 - 1728, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 120.

⁷⁰⁰ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 296.

⁷⁰¹ W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 14.

⁷⁰² *Ibid.*, pp. 14 en 18.

⁷⁰³ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 296.

⁷⁰⁴ *Ibid.*, p. 299.

⁷⁰⁵ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34.

⁷⁰⁶ J.C. Armstrong, *Die slawe, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 109.

die volgende kategorieë behels: die status van die slaaf, sy regte en beskerming, verbod op sekere optredes, sowel as die verkoop en vrystelling van 'n slaaf.⁶⁹⁷

Wat die regstatus van die Kaapse slaaf betref, is hy wel as mens erken, maar met dié belangrike verskil dat hy nie vry was nie. Sonder keuse was hy lewenslank die eiendom van sy meester wat hom as 'n besitting na eie goeëdunke kon behandel, maar wat wel die slaaf se morele en etiese regte moes erken.⁶⁹⁸ In praktyk het dit egter nie altyd gerealiseer nie. Slawe het byna geen burgerlike regte gehad nie. Hulle mag nie getrou het nie, is beheer oor hulle kinders en eiendom ontsê, terwyl hulle ook wetlik verbied is om 'n regsbindende testament op te stel.⁶⁹⁹ Enkele regte wat hulle wel gehad het, was onder meer fisiese beskerming teen mishandeling deur die eienaar, ongeprovokeerde aanvalle en diefstal van besittings.⁷⁰⁰ Wat geloofsoortuiging betref, het die slaaf slegs 'n mate van erkenning geniet indien hy tot die Christelike geloof behoort het. Die Proklamasie van 1823 het beoog om die basiese regte van slawe te erken en vanaf dié datum kon gedoopte slawe, met die toestemming van hulle meesters, wettige huwelike met mekaar sluit.⁷⁰¹ Hierdie proklamasie het ook die opbreek van slawegesinne deur die aparte verkoop van huweliksmaats en kinders belet.⁷⁰² Alhoewel eienaars hulle slawe wel volgens voorskrifte vir sekere "huishoudelike oortredings" kon straf, was dit die prerogatief van die hof om ernstiger kriminele oortredings te straf of slawe op te sluit.⁷⁰³

Die optrede van die slaaf in die openbaar, weg van die direkte toesig van sy meester, is streng deur die wet beheer. Hierdie wetlike beperkinge, wat veral op die openbare orde en dissipline in Kaapstad gerig was, het op 'n dag-tot-dag basis 'n direkte invloed op die lewe van die Kaapse slaaf uitgeoefen. Slawebodskappers, stuurjonge en houthalers was verplig om 'n ondertekende en gedateerde pasbrief van hulle meesters met hulle saam te dra.⁷⁰⁴ Slawe of Hottentotte wat hulleself 'n afstand van hulle tuiste af sonder 'n pasbrief, wat deur die die betrokke eienaar of 'n ander verantwoordelike persoon onderteken is, bevind het, was – net soos wegloper en voortvluggende slawe – aan inhegtenisname blootgestel.⁷⁰⁵ Veewagterslawe moes 'n loodpenning met hulle meester se naam daarop dra.⁷⁰⁶ Slawe was sedert die vroeë jare reeds onderhewig aan die aandklokkeel. In 1660 het 'n plakkaat eienaars gewaarsku om

⁶⁹⁷ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 294.

⁶⁹⁸ *Ibid.*, p. 573.

⁶⁹⁹ G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VII, 1724 - 1728, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 120.

⁷⁰⁰ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 296.

⁷⁰¹ W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 14.

⁷⁰² *Ibid.*, pp. 14 en 18.

⁷⁰³ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 296.

⁷⁰⁴ *Ibid.*, p. 299.

⁷⁰⁵ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34.

⁷⁰⁶ J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 109.

“sijn lijfeigenen ’s nags binnen huijs te houden”,⁷⁰⁷ terwyl ‘n plakkaat die daaropvolgende jaar na die burgerwag verwys wat moes toesien dat slawe hulle nie saans op straat bevind nie.⁷⁰⁸ ‘n Aandklokkeël van 1686 het slawe, sowel as Kompanjieswerkers belet om na nege-uur of die lui van die klok, op straat te wees.⁷⁰⁹ In 1697 is die aandklok tien-uur gelui⁷¹⁰ en in 1715 weer nege-uur.⁷¹¹ ‘n Aandklokkeël in 1783 het slawe verbied om saans na tien-uur in die strate van Kaapstad en plattelandse dorpe, soos Stellenbosch en Drakenstein, rond te loop. Slawe in besit van ‘n pasbrief was die uitsondering, op voorwaarde dat hulle ‘n brandende fakkel of lantern moes dra.⁷¹² Daarbenewens is slawe belet om snags te fluit, te sing of enige geraas te maak. Die bepaling wou verhoed dat mense deur dié geluide uit hulle huise gelok word waarop die slawe onwettige goedere aan hulle kon verkoop.⁷¹³ Die pasbrief, aandklokkeël en die dra van ‘n lantern was dus belangrike elemente in die nagtelike beheer van slawe.⁷¹⁴

Weens die brandgevaar wat die rietdakhuise en sterk winde in Kaapstad ingehou het, het ‘n plakkaat van 15 Februarie 1715 slawe sowel as ander persone belet om in die strate te rook, terwyl die leegmaak van pype met brandende tabak ten strengste verbied is.⁷¹⁵ Slawe met pasbriewe wat verplig was om fakkels of lanterns te dra, moes uiters versigtig wees. Uit vrees vir diefstal, drostery, “doodslagen en moorderij” is slawe in 1696 verbied om in groepe van drie of meer “jongens” van verskillende eenaars te vergader,⁷¹⁶ terwyl daar reeds in 1686 en 1687 ‘n uitdruklike verbod op die dra van vuurwapens deur slawe geplaas is.⁷¹⁷ Selfs in die 1770’s het Thunberg opgemerk dat slawe belet is “of having in his possession, any kind of fire arms”. Op die wyse is die slawe wat die Europeërs in getalle oortref het, onbewapend gehou.⁷¹⁸ In 1773 was daar 8 468 burgers teenoor 8 902 slawe, waarvan 2 123 van laasgenoemde stedelike slawe was.⁷¹⁹

Selfs die gedrag van slawe op straat is deeglik deur die wet gereguleer. Vry persone op straat moes met groot respek deur die slawe behandel word. Slawe is ten strengste verbied om, veral na ses-uur tydens druk verkeer, enige ongerief vir vry persone op straat te veroorsaak. Enige slaaf wat doelbewus of deur nalatigheid in ‘n Europeër sou vasloop, sou op die plek van

⁷⁰⁷ K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, p. 50.

⁷⁰⁸ *Ibid. I*, p. 64.

⁷⁰⁹ A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 139.

⁷¹⁰ *Ibid. III*, p. 312.

⁷¹¹ A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 463; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, p. 62.

⁷¹² A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 139; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, p. 299; *Ibid. V*, pp. 1254 - 1255.

⁷¹³ S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III*, p. 4.

⁷¹⁴ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 299.

⁷¹⁵ K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, p. 49.

⁷¹⁶ *Ibid. I*, pp. 297 - 298; *Ibid. II*, p. 52.

⁷¹⁷ A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 143; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, pp. 219 - 220, 230, 246 en 247.

⁷¹⁸ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 35.

⁷¹⁹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 11 en 16.

oortreding aan 'n boom of paal vasgebind word en lyfstraf op sy agterstewe ontvang.⁷²⁰ Slawe is nie toegelaat om swepe naby verbygangers te klap nie,⁷²¹ terwyl hulle ook verbied is om op perde in die strate te ry. Die diere moes stadig aan 'n toom en leiband deur die strate gelei word.⁷²² In 1753 is slawe vir 'n tydperk deur die Politieke Raad verbied om die Kompanjies tuin binne te gaan. Slegs slawe wat in opdrag die meester se kinders vir 'n uitstappie moes neem, is op die hoofwandelpaai van die tuin toegelaat. Slawe wat hulle meesters en meesteres vergesel het, is wel tot die tuin toegelaat, maar deur wetgewing gewaarsku dat skade aan bome tot straf in die openbaar sou lei.⁷²³

Wat sanitasie betref, is slawe verbied om strate en kanale as openbare toilette te gebruik. Die lediging van nagvuilemmers deur die slawe blyk 'n ongemaklike probleem te gewees het wat by meer as een geleentheid te berde gebring is. In 'n plakkaat van 1714 word genoem "dat de slaven van dese en geene ingezetenen sig veeltijts niet en ontsien omme des avonts of andersints de balijs uit de sekreeten in de gragten, ja selfs hier en daar op de straten en wegen uit te gieten, waardoor een vuijle en stinkkende lugt werd veroorsaakt",⁷²⁴ terwyl 'n ander plakkaat melding maak van die nagvuilbalies wat "op de straaten of voor andere lieden deuren of in de borgwallen quamen uijt te storten" word.⁷²⁵ Hulle is ten strengste verbied om die nagvuilemmers in die Kaapstadse kanale te ledig en beveel om nagvuilbalies "nergens anders dan aan het strand in zee ... uijt te gieten".⁷²⁶ Die bepaling moes in 1738 egter weer herhaal word.⁷²⁷ Daarbenewens moes eienaars toesien dat dooie huis- of plaasdiere deeglik deur hulle slawe begrawe word.⁷²⁸

Dobbelry sowel as die verkope van arak, wyn en ander sterk drank ter enige tyd of plek was ten strengste verbied. Ernstige strawwe is aan voornemende oortreders, wat beide slawe en kopers ingesluit het, voorgehou.⁷²⁹

Wat die regspleging en wetstoepassing aan die Kaap betref, is alle kriminele sake in die sewentiende en agtiende eeu deur die Raad van Justisie hanteer, terwyl die Landdrost en Heemraden⁷³⁰ op die platteland vir regspleging verantwoordelik was. Plattelandse slawe wat hulle aan ernstige oortredings skuldig gemaak het, is deur die polisie-amptenare van die landdros gekasty.⁷³¹ As bekleër van die belangrikste-en magtigste pos in die Kaapse regstelsel was die onafhanklike fisikaal beide staatsaanklaer en hoofwetstoepasser. As hoof van die

⁷²⁰ K.A.B.: C. 2322, nrs. 37 en 40, Statuten van India, S - T.

⁷²¹ S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III*, p. 3.

⁷²² K.A.B.: C. 2322, nr. 43, Statuten van India, S - T; S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III*, p. 3.

⁷²³ V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 97 - 98.

⁷²⁴ K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, p. 125.

⁷²⁵ *Ibid. I*, p. 163.

⁷²⁶ K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, p. 163.

⁷²⁷ A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 366.

⁷²⁸ K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, pp. 163 en 203 - 204.

⁷²⁹ *Ibid. I*, pp. 265 - 267; *Ibid. III*, pp. 2 en 4.

⁷³⁰ C.G. Botha, *The Public Archives of South Africa, 1652 - 1910*, pp. 12 - 15, 45 - 46; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 111 en 115.

⁷³¹ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 154.

polisie was hy direk met die toepassing van slawewette gemeoid, wat onder meer die toestemming tot lyfstraf vir slawe wat hulle aan minder ernstige huishoudelike oortredings skuldig gemaak het, ingesluit het.⁷³² Uit die aard van sy werk was die fisikaal uiters ongewild onder alle Kapenaars en is veral deur die slawe met 'n passie gevrees en gehaat. In die uitvoering van sy taak as wetstoepasser is hy bygestaan deur 'n onder-fiskaal, 'n klerk, twee balju's, agt konstabels en negentien "swartes" en "Maleiers" wat as *kaffers* bekend was.⁷³³ As assistente van die vonnisvoltrekker was hierdie ongewilde *kaffers* belas met die fisiese toepassing van strawwe op beide slawe en Europeërs.⁷³⁴

In sy navorsing wat onder meer die vergelyking van vonnisse behels het, het Armstrong tot die gevolgtrekking gekom dat slawe swaarder strawwe as blankes aan die Kaap moes verduur.⁷³⁵ Die doel van die swaar strawwe hier ter plaatse was om oortreders deur pyn en lyding vir hulle kriminaliteit te laat boet en om as afskrikmiddel vir voornemende oortreders te dien. Tydens Kompanjiesbeheer was skuldbekenis nodig alvorens die doodstraf opgelê kon word.⁷³⁶ In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat "during the trial torture is used as a regular form of procedure to extract a confession ... Torture seems to be reserved for slaves only ..."⁷³⁷ Foltering om skuldbekentenis af te dwing, is in die 1790's deur Barrow bevestig.⁷³⁸ In die geval van slawe is skuldbekentenis deur middel van martelings, soos swaar gewigte aan die groottone, duimskroewe, lyfstraf en selfs die martelrak, afgedwing.⁷³⁹ Hierdie folterings het veral betrekking gehad op ernstige oortredings, soos manslag, brandstigting en verkragting wat by implikasie 'n bedreiging vir lewe of lewensverlies ingehou het. Oortredings, soos moord, brandstigting, roof en huisbraak was met die dood strafbaar.⁷⁴⁰

Uit die beskrywings van besoekers en reisigers kan 'n redelike duidelike beeld van die prosedures rondom die voltrekking van die doodstraf gevorm word. Volgens Mentzel is doodsvonnisse gewoonlik tussen nege en tien uur op 'n Saterdagoggend voltrek. Die veroordeelde het slegs 'n kort tydjie gehad om homself op sy einde voor te berei en vrede met God te maak, aangesien die vonnis eers die vorige oggend aan hom bekend gemaak is. Gedurende die daglange wagtyd is hy deur 'n korporaal en vier ander mans bewaak, terwyl hy

⁷³² J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798*, I, p. 422; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope* I, p. 141; *Ibid.* II, p. 132.

⁷³³ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798*, I, p. 423.

⁷³⁴ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope* II, pp. 124 en 132; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 169.

⁷³⁵ J.C. Armstrong, *Die slawe, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 110.

⁷³⁶ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1671 - 1674 and 1676*, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 173; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 117.

⁷³⁷ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope* II, p. 133.

⁷³⁸ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798*, I, p. 44.

⁷³⁹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope* II, p. 133; H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1699 - 1732*, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 168, 206 en 318; C. G. Botha, *The collected works of C. Graham Botha* II, p. 131.

⁷⁴⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope* II, pp. 132 - 133.

ook deur die predikant of sieketrooster besoek is.⁷⁴¹ In die 1770's het Thunberg opgemerk dat veroordeeldes, nadat hulle by die strafplek in die dorp gefolter is, die aand na die galg buite die dorp gebring is, "where they are either hanged, and that generally in an iron harness in which the skeleton may be preserved for a long time, or else drawn and quatered".⁷⁴² In die dagboeke en reisbeskrywings is voorts verwysings na die openbare teregstellingsplekke in Kaapstad.⁷⁴³ Volgens Thunberg was daar in die tweede helfte van die agtiende eeu twee teregstellingsplekke in die stad. Die een vir blankes was tussen die stad en die Kasteel naby die ingang van die hawe op 'n kleinerige hoogte onderkant die "stert" van Leeukop geleë, terwyl die teregstellingsplek vir slawe en Hottentotte aan die oorkant van die Kasteel naby die mond van Soutrivier geleë was.⁷⁴⁴

Die aard van die oortreding het die metode of vorm van doodstraf bepaal. "A murderer is broken on the wheel, the same punishment is meted out for the crime of arson", aldus Mentzel.⁷⁴⁵ Dit was veral slawe wat aan moord skuldig bevind is wat aan 'n verskeidenheid grusame vorme van die doodstraf blootgestel is. 'n Slaaf wat op die wiel gebreek of geradbraak is, is oor 'n dubbele houtkruis oopgespalk en vasgemaak. Sy ledemate is dan met 'n swaar ysterstaaf afgeslaan waarna sy gebroke liggaam verder deur kettings aan 'n wiel uiteengerek en so gelaat is tot die dood 'n dag later ingetree het. As versagting is die genadeslag soms na die foltering op die houtkruis toegedien. Ter doodveroordeelde slavinne is gewoonlik aan die voet van die galg verwurg en soms ook "geblaker", wat die skroei van die gesig met brandende strooi behels het.⁷⁴⁶ Hierdie gebruik het waarskynlik verband gehou met vroeëre Europese strawwe van verbranding as reinigingsritueel vir oortredings, soos kettery, heksery en sodomie.⁷⁴⁷ Wrede moorde is met grusame deurboring – ook bekend as paalstraf of empalering – gestraf. Met dié teregstellingsmetode is 'n skerp spit by die anus ingedryf om by die nek uit te kom waarna die veroordeelde in 'n sittende posisie opgestel is tot die dood na 'n tydperk – selfs dae ingetree het.⁷⁴⁸ "The spike in this case is thrust up along the backbone and the vertebrae of the neck, between the skin and the cuticle, in such a manner, that the delinquent is brought into a sitting posture. In this horrid situation, however, they are said to be capable of upporting life for several Days,"⁷⁴⁹ aldus Sparrman.

⁷⁴¹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 133.

⁷⁴² C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 153.

⁷⁴³ *Gleanings in Africa*, p. 65; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), pp. 49 en 86; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 128; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, II*, p. 107.

⁷⁴⁴ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 153.

⁷⁴⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 133.

⁷⁴⁶ *Loc. cit.*

⁷⁴⁷ T. van der Meer, *Sodoms zaad in Nederland; het ontstaan van homoseksualiteit in de vroegmoderne tijd*, p. 207.

⁷⁴⁸ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1699 - 1732, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 260 - 261.

⁷⁴⁹ A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), p. 257.